Die Voorsitter, Bestuurslede asook die personeel van die

KOEJAWEL PRODUSENTE VERENIGING

Wens u 'n vreugdevolle feestyd en 'n

Voorspoedige 2010

Desember 2009 No 29

Koejawel Nuus

Koejawel Produsente Vereniging
Guava Produsers Association

Hoofstraat 258 Main Road
PAARL 7646
Posbus 426 P O Box
PAARL 7620

☏ [021 872-1501
Fax [021] 872-2675
: victor@guavas.co.za
: www.guavaproducers.co.za

Editor /Redakteur : **Wiehahn Victor**

Inhoudsopgawe / Index

		Bladsy
1.	Inhoudsopgawe	1
2.	Uit die Voorsitter se pen	2— 3
3.	Verbruikerstudie Olimpiade	4
4.	Koejawel Bome	5
5.	Besoek ons op.....	5
6.	Die Talentvolle Koejawel	6
7.	Guava Processing Falls to New Low	7
8.	Kersgroete	8

UIT DIE VOORSITTER SE

KOEJAWEL-OES 2009

Na die natste winter verlede jaar het ons 'n droë somer gehad wat die koejaweloes beïnvloed het. Die oes was nogtans 24 000 ton. Die bedryf het die jaar begin met 'n moeilike ekonomiese seisoen.

DIE INMAAK MARK

Die blikprys is met 54% verhoog. Dit is 'n geweldige terugslag vir die inmakers en sal die ingemaakte koejawels se volume beïnvloed. Langeberg & Ashton Foods het minder koejawels verwerk.
RFF het verlede jaar te min koejawels ingemaak. Vanjaar het hulle 500 ton ingemaak, wat positief is vir die bedryf.

DIE SAP MARK

Die ekonomiese krisis het 'n negatiewe effek getoon op die verbruik van sap op die buitelandse en ook plaaslike mark.

DIE VARSMARK

Die varsmark was goed voorsien, maar swak gehalte is 'n bekommernis. Dit doen die bedryf groot skade aan. Daar is ongeveer 6 000 ton bemark wat meer is as die geskatte 5000 ton wat in 2008 vars bemark is. Die mark kan nog baie groei.

GUAVA PROCESSING FALLS TO NEW LOW

Guava production for processing in Hawaii totalled just 3.5 million lbs in 2008, down 19% from 2007 and the lowest volume processed since 1977, according to the USDA's National Agricultural Statistics Service.

Following the closure of a major processor in 2006, guava output continues to decline in Hawaii, says the report.

The area planted to guava was put at 180 acres, of which 160 acres were harvested. The average price for fruit destined for processing was slightly above 2007 at US$0.158 per lb.

US imports of processed guava products in 2008 fell from a year earlier.

Canned guava imports fell a little from 2007 to 7 095 tonnes, 58% of which was supplied by Brazil and Ecuador. Guava paste and purée uptake fell 7% to 4 030 tonnes, where Brazil accounted for 42% of the imports. Dried guava, mango and mangosteen uptake totalled 3 620 tonnes compared with 7 930 tonnes in 2007, while guava jam imports fell 14% to 1 110 tonnes.

In value terms, dried guava, mango and mangosteen fetched US$19.5 million, though this was still a decrease of 30% from 2007, followed by canned guava at US$6.6 million (+14%), guava paste and purée at US$4.6 million (+4%) and guava jams at US$1.2 million (-0.4%).

- FOODNEWS— 10 July, 2009

DIE TALENTVOLLE KOEJAWEL

'n Verskeidenheid van byvoeglike naamwoorde word deesdae bygevoeg tot die Koejawel en dra by tot die beskrywing van "die talentvolle Koejawel".
Woorde soos :

- die winter se magtige supervrug
- die veelsydigste vrug
- "the sexy fruit goes all the way"
- "simply amazing healthy"
- die winterjuweel
- 'n bielie van 'n vrug

Dit kan grootliks toegeskryf word aan 'n hoogs suksesvolle generiese promosie aksie wat geloods is tussen Maart en September 2009 deur die Vereniging. Lethu Marketing het die aksie gedryf om blootstelling aan koejawels te bevorder.

Die volgende persvrystellings is saamgestel en versprei :

- 'n Algemene blad met Koejawel resepte
- 'n Kinderblad gerig op die jonger geslag
- 'n Gesondheids gefokusde blad
- 'n Bladskrif wat die ekonomiese aspekte hanteer

Altesaam 39 koerante, publikasies en tydskrifte het artikels oor koejawels geplaas, terwyl 10 radio praatjies en 2 tv aanbiedings koejawels gepromoveer het. Volgens berekening is 6,7 miljoen persone direk deur hierdie sirkulasies bereik en indirek (huishoudings ingesluit) kan dit soveel as 23 miljoen persone bereik het.

Besondere sukses vir die talentvolle Koejawel!!!

- Wiehahn Victor -

KOEJAWELS IN DIE NOORDE

Verwelk-siekte is 'n groot bekommernis vir produsente. Dit is dus 'n **ernstige waarskuwing** aan die Wes-Kaapse produsente om uiters versigtig te wees met enige plantmateriaal uit die noorde.

GENERIESE PROMOSIE

"Die Koejawel" het baie publisiteit ontvang en terugvoer was baie positief. Ons kry baie waarde terug vir die geld wat belê is in die generiese promosie-projek. Daar was onder andere op Pasella 'n program oor koejawels by Poena en Berina Malherbe se plaas opgeneem is.

DIE AFGELOPE JAAR

Ek wil my dank en waardering uitspreek teenoor die bestuur, verwerkers, produsente, Lethu Marketing vir hul bydrae gelewer die afgelope jaar.

VIR SOMER VREUGDE

Bon Courage Andrie's Frame. Colombar 2009. Jy weet sommer onmiddelik dis wyn wat jy wil ruik en proe, vars soos 'n bergstroom in die somer met tipiese vars koejawel geure.

'n Vreugdevolle Kersfees en Voorspoedige 2010 word aan almal toegewens.

Groete

Dos Joubert
VOORSITTER

VERBRUIKERSTUDIE OLIMPIADE

Vanjaar is die 26ste agtereenvolgende jaar dat die Verbruikerstudie Olimpiade in verskeie skole regdeur die land aangebied is en het die Koejawel Produsente Vereniging (KPV) met verskeie instansies die Olimpiade geborg.

Hierdie kompetisie het betrekking op Verbruikerstudieleerders van graad 11 en 12. 'n Totaal van 5 015 leerders het ingeskryf—'n reuse toename sedert 2007 met 3 134 leerders wat toe deelgeneem het. Altesame 190 skole landwyd het aan die Olimpiade deelgeneem. Die algehele wenskole was : St. Mary's DSG, KwaZulu Natal; HMS Bloemhof, Stellenbosch; Hoërskool Bellville; Herschel Girls High School, Claremont, Kaapstad; Hoërskool Hugenote, Wellington en Hoërskool Noordheuwel, Krugersdorp.

Die KPV se doelwitte met die ondersteuning is om koejawelprodukte generies te promoveer asook om 'n bydrae tot transformasie/opleiding aksies te maak.

Mnr. Wiehahn Victor van die IPV het tydens die prysuitdeling op 23 September 2009 te LNR Infruitec-Nietvoorbij 'n voorlegging gedoen waartydens hy die belangrikheid van Landbou in die lewe van die hedendaagse verbruiker bespreek het. Al die leerders het onder die besef gekom dat dit ons almal se verantwoordelikheid is om die aarde te koester en te bewaar.

- Roeline Malone -

KOEJAWEL BOME

Vir goeie beplanning word betroubare inligting benodig. Die koejawelbedryf het nodig om te weet hoeveel hektaar koejawelbome in die grond is en wat is die tendense ten opsigte van uittrekke en aanplantings. Volgens gerigte is daar nuwe aanplantings gemaak wat nog nie van kennis geneem is nie, maar aan die ander kant is daar ook boorde uitgetrek en nie vervang nie.

Daar word beplan om vroeg in 2010 'n boomsensus in die bedryf te doen. Vir die bedryf en u eie belang word almal se samewerking gevra. Alle individuele inligting sal streng vertroulik hanteer word en slegs opsommende gegewens sal gepubliseer word.

Dankie vir u samewerking in dié verband en bydrae om 'n suksesvolle bedryf te bou.

BESOEK ONS OP…….

Ons eie Webwerf

Www.guavaproducers.co.za

Our own e-mail address

victor@guavas.co.za